

## 'N HOËPRIESTER WAT VERSTAAN. - Hebreërs 5: 7:

*Gedurende sy aardse lewe het Hy (Jesus) aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smeking geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God.*

### **Inleiding:**

Mens voel baie keer dat niemand verstaan nie. Mens vrae soms ook, met wie kan ek praat? Wie sal gewillig wees om te luister? Wie sal verstaan? Wie beskik oor die antwoorde en wie sal sensitief en begrypend wees, sonder om te veroordeel. Die volgende vers uit die Skriflesing gaan ons help om op sulke vrae 'n antwoord te kry. Hebreërs 5: 7 sê: *Gedurende sy aardse lewe het Hy (Jesus) aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smeking geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God.*

Die Brief aan die Hebreërs is vir gelowiges uit die Joodse kultuur geskryf. Die manier van skryf en die beelde daarin was aan elke Jood goed bekend. Die brief sluit nou aan by hulle kultuur en hulle lewenservaring.

In die Joodse kultuur was die priester as vertroueling, van die grootste belang. 'n Goeie priester wat sy roeping van God ernstig opgeneem het, was die een wat die rol van 'n simpatieke ondersteuner en voorbidder gespeel het in die lewe van 'n Joodse gelowige, sedert die ou tyd. Vir hulle wat nie kennis gehad het nie, en nie verstaan het nie, en met skuldgevoelens geworstel het en vir die verdwaaldes, het die priester in die ou verbond met simpatieke oor, opregte gebede en offers van versoening, hulp en ondersteuning beteken. Hy was veral: iemand wat kan bid; iemand met wie ek my probleem, my sonde en my hartseer kon deel en wat deur God in 'n posisie geplaas was om 'n verskil te kan maak.

### **Jesus is ons Hoëpriester:**

Die Hebreër-skrywer wil ons help om te verstaan dat Jesus so iemand is. Hy verstaan, Hy tree in vir ons en Hy kan beter help as enige iemand anders. .

En tog, as ons die res van die Bybel aandagtig lees, sien ons dat daar ook sekere negatiwiteit gekoppel was aan die priesteramp. Want menslike priesters trap dikwels in die strik om 'n priesterklas te word wat meer vir hulleself sorg as hulle vir wie God geroep het om te dien. Dink maar aan die owerpriesters in die tyd van Jesus, wat met Hom wou klaarspeel omdat Hy nie hulle persoonlike voordeel, posisie en ambisie gedien het nie. Die priesterklas, wat deur God geroep is om sy mense te help en te ondersteun, het deur selfsug, liefdeloosheid en onheiligheid instrument geword in die hand van die bose - en het aandadig geword aan die bloed van die Lam... Solank daar menslike priesters is, is daar 'n nood en behoefte aan 'n volmaakte, goddelike hoëpriester. Jesus Christus het gekom om juis dit vir elkeen van ons te wees.

Wat was 'n ware priester veronderstel om te wees? Hebreërs 5: 1 - 4 vertel ons daarvan.

- 1. Elke hoëpriester is 'n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sondes te bring.*
- 2. Hy kan meegevoel hê met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self aan swakheid onderhewig is.*
- 3. Om hierdie rede moet hy ook vir homself, net soos vir die volk, offers bring vir die sondes.*
- 4. Niemand eien hom die eer van hoëpriester toe nie, hy word deur God daartoe geroep, net soos Aäron.*

Hy moes 'n mens wees wat in voeling was met ons realiteit! Om te kan bid, om te kan intree by God en om offers vir my sonde te bring.

## Hoe het Jesus ons hoëpriester geword?

Hebreërs 5: 5 - 10 vertel daarvan:

5. So het Christus Hom ook nie die waardigheid van Hoëpriester toegeëien nie, God het dit vir Hom gegee toe Hy gesê het: *Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader.*
6. En op 'n ander plek sê Hy: *Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek.*
7. Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smeking geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God.
8. Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is.
9. En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword
10. en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek.

God het Hom daarvoor geroep en aangestel, van ewigheid af (*volgens die priesterorde van Melgisedek*) en toe het Hy gedurende sy aardse lewe elke pyn, angs, nood en vraag ervaar wat ons ook ervaar. Hy ook het ervaar wat dit beteken om biddend by God te pleit oor angswekkende nood. Met nederige gehoorsaamheid het Hy die harde pad geloop binne die wil van sy Vader. Hy het op 'n wrede manier geleer wat die prys van gehoorsaamheid kan wees. *Hy het aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smeking geoffer met harde geroep en met trane! (vers 7).*

Dit is Hy wat God tot ons hoëpriester verklaar het. Jesus is ons ewige Hoëpriester en Hy is in voeling met ons realiteit, selfs die realiteit van ons sterflikheid en ons nood om van kwaad, sonde en die hel self, verlos te word.

God het Hom ons ewige Hoëpriester gemaak!

Hy luister. Hy bid. Want Hy het klaar die volmaakte offer gebring.

*Sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God! (vers 7).*

## Wat beteken dit vandag, vir my?

Vers 7 sê vir ons tot watter mate Jesus in voeling is met ons menswees, ons worsteling, ons vrees en verlange!

God sê: Jesus moet self die antwoord wees op ons geroep om hulp en ons trane.

- 1) Hy verstaan ons swakheid, want op menslike vlak moes Hy deur trane, en swaarkry en worsteling voorberei word vir God se doel met sy lewe, dat Hy met kruis en opstanding ons straf moes dra. Hy het al ons emosionele en fisiese pyn, selfs ons desperaatheid ervaar.
- 2) Hy het deur lyding geleer wat gehoorsaamheid is, sodat Hy die groot verskil kon maak aan elkeen van ons se lewe en ewige bestemming. Getsemane het ons geleer dat Jesus teen sy menslike wil, aar in gehoorsaamheid aan sy Vader, die Goddelike doel bereik het. Jesus moes eise hanteer wat teen sy menslike wil was, sodat Hy God se wil kon doen! Hy verstaan wat dié vrees en smart beteken!
- 3) Jesus het God se volmaakte doel met sy lewe bereik, toe Hy gesê het: dit is volbring!! Toe het Hy ons bron van saligheid geword.

Die vernedering, lyding en smart van die Heiland sê vir ons Jesus het gesterf, sodat ons vandag en elke dag van ons lewens 'n priester kan hê wat verstaan, 'n volmaakte hoëpriester wat veral begrip het daarvoor dat dit soms angswekkend moeilik is om God se wil vir ons lewe te aanvaar.

As God volgens die Skrif en in die besonder volgens die Ou Testament nog altyd na ware priesters wat Hy geroep het, geluister het, hoeveel te meer sal Hy nie na Jesus, die volmaak gehoorsame en sy geliefde Seun, luister nie. God het Hom juis as daardie hoëpriester aangestel, na wie Hy wil luister!

Die vernedering, lyding en smart van die Heiland sê vir ons: Jesus het met sy volmaakte gehoorsaamheid toegang tot die Vader. Ons bid nie tevergeefs nie.

Ervaar jy dat jy nie verstaan wat met jou gebeur nie, of waarom jou lewe die loop neem wat dit doen en jou pyn die afmetings aanneem wat jy ervaar nie.

Of dalk is dit selfverwyte, spanning of angs waarmee jy worstel: Gaan daarmee na ons ewige Hoëpriester toe.

Gaan na Hom toe soos na 'n vertroude vriend, wat nie na eie voordeel soek nie, maar na ons bevryding, redding en verlossing. Ons het hopelik 'n goeie aardse vriend wat na ons luister as ons wil hart uitpraat. Iemand saam met wie ons ontbyt kan gaan eet en lekker kan gesels en wat ons onvoorwaardelik kan vertrou. Dis 'n voorreg om so 'n vriend te hê, maar Jesus wil nie net so goed (en beter!) luister na wat ons bekommerd maak nie, Hy het ook die volmaakte antwoord, en Hy kan help! En as jy die vriend is na wie iemand toe kom met angs en vrae, met hartseer en pyn: Neem hom of haar na Jesus toe, wat die beste verstaan en regtig 'n verskil kan maak!

Ons aanbid vandag nog dieselfde Jesus wat vir ons aan die kruis gehang het, nadat Hy in Getsemane met angs gepleit het dat die beker by Hom moet verbygaan. *Wat met baie trane gebede en smeking geoffer het (vers 7)*. Maar vandag pleit Hy ter wille van my hartseer, pyn en onbeantwoorde vrae by sy Vader; nou pleit Hy as verheerlikte en almagtige Koning en Hoëpriester aan die regterhand van God, ons hemelse Vader. Vandag hoor ons sy woorde helder en duidelik: Kyk Ek is met julle al die dae! Vandag onthou ons dat aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee is. Hy is my Priester vir ewig! Hy bid vir my, want Hy het klaar die offer van versoening vir my gebring.

Jesus, die ewige, almagtige Hoëpriester, is in voeling met jou lewensomstandighede. Vertrou Hom met alles!

Dit is die Woord van die Here.

Amen.

*Vir enige opmerkings of vrae oor die preekskets, stuur gerus 'n epos aan Andries Combrink by [info@cpk.co.za](mailto:info@cpk.co.za).*